

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 3

# 3 Deregulering van LANDBOUBEMARKING en vorming van TRUSTS

Feitlik vanaf die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is Suid-Afrikaanse landbou gekenmerk deur staatsinmenging deur middel van verskeie stukke wetgewing. Uit 'n bemarkingsoogpunt was die belangrikste ingryping waarskynlik die Bemarkingswet van 1937 en die gepaardgaande instelling van beheerrade vir verskillende landbouprodukte.

Die hoofoogmerk van die 1937-wet sowel as sy opvolger, die Bemarkingswet van 1968, was om ordelike bemarking van landbouprodukte te bewerkstellig. In Hoofstuk 1 is beskryf hoe dit gefunksioneer het en van tyd tot tyd aangepas is, dikwels juis as gevolg van ontevredenheid oor die gebrek aan orde en konsensus.

Vir ongeveer vyf dekades is graan in Suid-Afrika deur 'n verskeidenheid van rade ingevolge bemarkingskemas in 'n eenkanaalbemarkingstelsel bestuur waarin die Minister van Landbou die finale besluite geneem het, veral ten opsigte van pryse en bemarking.

Vanaf die tagtigerjare het die druk op die eenkanaalbemarkingstelsel algaande toegeneem. Dit het in die 1990's momentum gekry, veral as gevolg van pryse wat eensydig deur die Minister vasgestel is. Daar was ook druk weens geweldige tekorte wat in die Mielieraad se Stabilisasiefonds opgeloop het, tot so 'n mate dat dit selfs nie eers deur NAMPO se direkte betrokkenheid van sy lede op die Mielieraad uitgewis kon word nie.



**Klankgreep: Mnr Jannie de Villiers vertel van produsente se reaksie op die Kassier-komitee-verslag tydens 'n vergadering op Bethlehem.**



Met verloop van tyd het 'n groot gaping tussen die produsenteprys en die verbruikersprys van mielies ontstaan, wat verdere druk op die eenkanaalbemarkingstelsel geplaas het. Kopers en produsente het toenemend begin om die stelsel en die Mielieraad te omseil sonder om die nodige heffings aan die Mielieraad te betaal.

Internasionaal is veral gedurende die 1980's toenemend na liberale ekonomiese stelsels beweeg. Voor 1990 was Suid-Afrika weens politieke redes nie werklik daardeur geaffekteer nie, maar namate die politieke en ekonomiese bestel in Suid-Afrika begin verander het, het dit toenemend 'n invloed gehad en is die druk op die eenkanaalbemarkingstelsel verhoog.

Suid-Afrika het deelgeneem aan die Algemene Ooreenkoms oor Handel en Tariewe (AOTH) se onderhandelings en dit was duidelik dat die landboubemarkingsbeleid in terme van die Bemarkingswet van 1968, wat toe gegeld het, aansienlik meer deursigtig moes word, veral ten opsigte van eenkanaalbemarkingskemas.

## DIE VERSLAG VAN DIE KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE BEMARKINGSWET (KASSIERVERSLAG – 1992)

Op 25 Junie 1992 het die Minister van Landbou, dr Kraai van Niekerk, 'n Komitee van Ondersoek na die Bemarkingswet (die sogenaamde Kassier-komitee) ingestel met die opdrag om 'n in diepte ondersoek te doen en verslag te lewer oor die bemarking van landbouprodukte in Suid-Afrika. Die opdrag was verder dat die ondersoek voorstelle moes insluit oor die wyse waarop enige aanbevelings van die Komitee geïmplementeer moes word, asook 'n ontleding van die verwagte invloed daarvan op die produsent, verbruiker en voedselsekerheid in Suid-Afrika. Die Komitee se opdrag het ingesluit dat die verskillende skemas wat ingevolge die bestaande Bemarkingswet gefunksioneer het, individueel ondersoek moes word, met inagneming van die risiko's en onstabiliteit wat die Suid-Afrikaanse klimaat vir landbouproduksie inhou.

Die Kassier-komitee was van mening dat die Bemarkingswette van 1937 en 1968 nie daarin geslaag het om die basiese doelwit daarvan, naamlik om die bedryf te stabiliseer ten einde doeltreffende produksie moontlik te maak, bemarkingsmarges te verminder en die natuurlike hulpbronbasis te beskerm, bereik nie. Die Komitee was ook van mening dat die skemas wat ingevolge die Bemarkingswet ingestel is, nie die beste belang van al die belangegroepe in die bedryf gedien het nie.

Die Komitee se siening was dat die veranderings wat met verloop van tyd wel ten opsigte van deregulering plaasgevind het, veel te wense oorgelaat het, veral met verwysing na die manier waarop dit gedoen is. Die Komitee het beweer dat daardie veranderings in der waarheid spesifiek in die koringbedryf 'n monopolie vir sekere individue en organisasies in die hand gewerk het, sonder enige statutêre beheer wat daarop gemik was om ordelike bemarking te bewerkstellig.

Die Kassier-komitee het verder die mening gehuldig dat die landboubemarkingstelsel tot 'n groter mate in 'n vryemarkstelsel gevestig moet word. In sy verslag het die Komitee van die standpunt uitgegaan dat 'n sterk, onafhanklike, deursigtige en meer gesentraliseerde en verteenwoordigende gesag nodig was om die gevestigde belange van die beheerrade wat onder die 1968-wet gefunksioneer het, te kon ophef.

Die Komitee se belangrikste oorhoofse aanbevelings was:

- Dat 'n Landboubemarkingsraad (LBR) ingestel word wat aan die kriteria in die voorafgaande paragraaf voldoen, met gelyke verteenwoordiging vir al die betrokke belangegroepe. Die hooftaak van die LBR sou aanvanklik wees om die proses van deregulering van die verskillende beheerrade te bestuur. Daarna moes dit getaak word om sekere statutêre ingrepe wat steeds op die wetboek bestaan het en nuwe maatreëls wat ingestel kon word, te implementeer deur middel van bedryfsliggame wat as deel van die LBR sou optree;
- dat die deregulering van landboubemarking 'n bestuurde proses moes wees, eerder as 'n eenmalige afskaffing van alle beheer; en
- dat die LBR slegs in 'n adviserende hoedanigheid vir die Minister moes optree.



**Prof Eckart Kassier (regs) ontvang 'n erkenningsertifikaat tydens NAMPO se afsluitingskongres van mnr Japie Grobler, Voorsitter van NAMPO.**

### WIE WAS ECKART KASSIER?

**Prof Eckart Kassier het die graad Dr Agrar aan die Universiteit van Hohenheim in Duitsland verwerf en het die grootste gedeelte van sy professionele loopbaan spandeer as professor en Hoof van die Departement van Landbou-ekonomie van die Universiteit van Stellenbosch.**

**Hy was ook die eerste voorsitter van die Nasionale Landboubemarkingsraad ingevolge die Wet op Landboubemarking van 1996.**

Sommige van die meer algemene aanbevelings het ingesluit:

- Dat die graderingstandaarde vir mielies, koring en ander graansoorte aangepas moes word om die voedings- en ekonomiese waarde daarvan beter te weerspieël;
- dat die bemarkingsrade vir graan 'n meer verbruikersvriendelike benadering ten opsigte van prysbepaling moes volg;
- dat in die gevalle waar die bemarkingsrade 'n eenheidsprysingsbeleid toegepas het, dit onmiddellik afgeskaf en vervang moet word met 'n prysvormingstelsel wat die vergelykbare voordele beter sou weerspieël, insluitende liggings- en kwaliteitsverskille; en
- dat statutêre eenkanaal- en prysondersteunende bemarkingskemas afgeskaf moes word en die bestaande bemarkingsrade as private en vrywillige organisasies voortbestaan.

Terselfdertyd het die Kassier-komitee gewaarsku teen die gevaar dat deregulering moontlik kon lei tot 'n verlies aan bedryfsinligting, aangesien die beheerrade op daardie stadium vir die voorsiening daarvan verantwoordelik was.

Die Komitee het ook gemeen dat die Staat groter verantwoordelikheid moes neem om voedselsekerheid in Suid-Afrika te verseker. Dit behoort nie in die landboubemarkingstelsel geïntegreer te word nie, maar moet uit die sentrale begroting befonds word, met die nodige versekering van deursigtigheid.

Vroeg in 1993, kort nadat die Kassier-komitee se verslag vrygestel is, het Minister Van Niekerk 'n Landboubemarkingsbeleid-evalueringskomitee (LBBEK) aangestel. Die LBBEK se opdrag was om, met die oog op 'n bemarkingsbeleid vir verkillende landbouprodukte, 'n raamwerk met riglyne vir toekomstige bemarkingstelsels vir elke landbouproduk voor te stel en in samewerking met ander belanghebbendes, insluitende die beheerrade, riglyne vir 'n implementeringsplan op te stel.

Hoewel die LBBEK uit verteenwoordigers van 'n wyd-uiteenlopende aantal belangegroepe saamgestel is, het dit uiteindelik daarin geslaag om 'n konsensusverslag aan die Minister te lewer. Die verslag het aanbeveel dat die *status quo* behou word, maar met verminderde regulering en groter deursigtigheid.

## KRITIEK OP DIE KASSIER-KOMITEE

Die samestelling van die Kassier-komitee het kritiek van verskeie oorde, insluitende NAMPO, ontlok, veral ten opsigte van bekende vooroordele en 'n gebrek aan in diepte kennis van die bedryf van sekere lede van die Komitee.

Met die bekendstelling van die verslag was NAMPO sowel as ander kundiges van mening dat die verslag oppervlakkig was, dat verskeie van die Komitee se bevindings en aanbevelings berus het op afleidings vanuit voorafopgestelde sienings en filosofieë, eerder as praktiese markkundigheid en dat dit nie die invloed op die verskillende belange, soos in die opdrag vervat, behoorlik oorweeg het nie.

Die mening is ook gehuldig dat die verslag op 'n onregverdige wyse sekere veralgemeende stellings ten opsigte van bemarkingsrade gemaak het en eerder sommige van die Komiteelede se filosofiese sienings oor 'n vrye mark weergegee het as om die behoeftes van die bedryf te evalueer. Voorstaanders van beheerde landboubemarking het die Komitee se stellings gekritiseer deur daarop te wys dat nêrens in die wêreld 'n volkome vrye mark bestaan nie.


Kritici het ook daarop gewys dat verskeie in-diepte ondersoeke wat gedurende die laaste dekade voorafgaande die Komitee se verslag uitgevoer is, bevind het dat die eenkanaalbemarkingstelsels vir landbouprodukte behou moes word, hoewel erkenning gegee is dat die bestuur daarvan met verloop van tyd by veranderde omstandighede aangepas moes word. Die laaste van hierdie verslae, dié van die sogenaamde Brand-komitee, waarop produsente sowel as verbruikersgroepe verteenwoordig was, is vrygestel in dieselfde jaar as wat die Kassier-komitee aangestel is. Hierdie ondersoeke en bevindinge is egter nie deur laasgenoemde komitee in aanmerking geneem nie.



**Klankgreep: Mnr Attie Swart, voormalige Adjunk-direkteur-generaal in die Departement van Landbou sê mielies was die begin van die beweging na 'n vrye mark.**




**Klankgreep: Die vrye mark is 'n illusie – dit is inderwaarheid 'n gemanipuleerde mark – mnr Crawford von Abo.**


REPORT
OF THE
COMMITTEE OF INQUIRY
INTO
THE MARKETING ACT


December 1992

**'n Eksemplaar van die Kassier-komitee se bevindinge. Dié verslag het daartoe gelei dat mieliebemarking in Suid-Afrika finaal verander het.**

**Aan die vooraand van 1994 het een feit vir produsente soos 'n paal bo water gestaan, naamlik dat niks weer dieselfde gaan wees nie. *Mielies/Maize* 1993.**




**Veranderings aan die mieliebemarkingstelsel is onafwendbaar, het NAMPO se lede tydens 'n buitengewone Kongres op 26 Augustus 1993 besef.**






**Klankgreep: Die vestiging van Safex het binne 'n paar jaar beslag gekry – mnr Jannie de Villiers.**

Op 7 Maart 1995 is 'n konsepwet ter vervanging van die 1968-Bemarkingswet gepubliseer. Dit was grootliks op die aanbevelings van die LBBEK-verslag gebaseer en het hewige kritiek van teenstanders van die 1968-wet ontlok, omdat dit baie van die beginsels van die 1968-wet behou het en na die kritici se mening steeds baie in die guns van die produsente opgestel was. Ook is gemeen dat die Wetsontwerp dit vir partye met gevestigde belange moontlik sou maak om die regering se beleid te beïnvloed, terwyl statutêre inmenging in die mark steeds toegelaat is sonder dat enige kriteria bepaal is waarvolgens sodanige inmenging oorweeg moes word.

Gedurende Julie 1995 het Minister Van Niekerk, wat op daardie stadium nog deur die Nasionale Party (NP) in die Nasionale Eenheidsregering aangestel is, 'n Witskrif vir Landbou bekendgestel. Dit is met inagneming van die interim Grondwet van Suid-Afrika, asook die Regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram opgestel. Die Minister het by die bekendstelling daarvan daarop gewys dat die veranderde politieke en sosiale bestel in die land en die gepaardgaande doelwitte, sowel as Suid-Afrika se toetrede tot die internasionale markte, ook vir landbouprodusente groot uitdagings sal meebring, sowel ten opsigte van die binnelandse as die internasionale markte.

Die verklaarde oogmerke met die Witskrif was om gelyke toetrede tot landbou in Suid-Afrika vir alle rasse en geslagte te verseker, 'n gesonde kommersiële boerderysektor in stand te hou en uit te brei, voedselsekerheid en die bewaring van natuurlike hulpbronne te bevorder en vrye mededinging in die landbousektor te verseker.

Die African National Congress (ANC), wat die ander party in die Nasionale Eenheidsregering was, het egter ook sy eie beleidsdokument oor landbou voorgelê, wat tot 'n groot mate op die Kassier-komitee se verslag gebaseer was met sterk voorkeure ten gunste van 'n totale vryemarkstelsel.

## WET OP BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996

In 1996 is die Wet op Bemarking van Landbouprodukte, Wet 47 van 1996, ("die 1996-wet"), deur die parlement aanvaar. Dié wet, wat die Bemarkingswet van 1968 herroep het, het op 1 Januarie 1997 in werking getree.

Die Kassier-komitee se benadering van 'n bestuurde oorgang wat moes lei tot minimum intervensie is uiteindelik in die 1996-wet oorgedra ten spyte van sterk standpunt deur sommige rolspelers dat die totale stelsel na 'n beperkte uitfaseringsperiode eenvoudig geskrap moes word. Die Wet het egter in verskeie opsigte verder gegaan as die Kassier-komitee se aanbevelings, byvoorbeeld deur die omstandighede en voorwaardes te omskryf waaronder inmenging deur die Staat in die bemarking van landbouprodukte wel mag plaasvind, sowel as die proses wat daarvoor gevolg moes word.

### Doelstellings

Die doelstellings van die 1996-wet was, onder andere, om die daarstelling en afdwinging van regulatoriese maatreëls wat daarop gemik is om die bemarking van landbouprodukte te reguleer, insluitende die instelling van heffings op landbouprodukte, te magtig, asook om voorsiening te maak vir die instelling van die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR). Die NLBR moet die effek van deregulering monitor en ondersoeke doen na uitvoerbemarkingsinsentiewe en tarifering. Die uitgangspunt met die Wet was om omgewenste inmenging te voorkom eerder as om dit te magtig, anders as wat die geval met die Bemarkingswet van 1968 was.

### Doelwitte

Die doelwitte van die 1996-wet was om die volgende te bewerkstellig:

- Verhoogde marktoegang vir al die deelnemers in die mark;
- die bevordering van effektiewe bemarking van landbouprodukte;
- optimalisering van verdienste uit die uitvoer van landbouprodukte; en
- bevordering van die lewensvatbaarheid van die landbousektor.

Die Wet bepaal uitdruklik dat statutêre maatreëls slegs toegelaat mag word indien die Minister van Landbou tevrede is dat sodanige maatreëls een of meer van die Wet se doelwitte direk en wesenlik sal bevorder, sonder om voedsel- en werksekerheid en die handhawing van billike arbeidspraktyke wesenlik te benadeel. Statutêre maatreëls sal ook net geïmplementeer mag word indien bewys kan word dat dit voldoende ondersteuning van direk geaffekteerde partye geniet.

Hierdie maatreëls, tesame met verskeie ander bepalings in die 1996-wet, is ingevoeg in 'n poging om die besluitnemingsproses oor statutêre inmenging in die bemarking van landbouprodukte meer deursigtig en inklusief te maak.

### Nasionale Landboubemarkingsraad

Die 1996-wet maak voorsiening vir die instelling van 'n NLBR om die Minister van Landbou op verskeie wyses en terreine te adviseer oor en by te staan met aangeleenthede rakende statutêre maatreëls en die landboubemarkingsbeleid.

Die NLBR, wat op 6 Januarie 1997 gestig is, se samestelling, magte en funksies verskil aanmerklik van sy voorganger, die Nasionale Bemarkingsraad. Die NLBR se





**REEDS IN DIE 1930'S, MET DIE VESTIGING VAN BEHEERDE BEMARKING, IS DIE MENING ONDER SOMMIGE GROEPE EN INDIVIDUE GEHULDIG DAT VERAL DIE BEPERKENDE REGISTRASIEVEREISTES VAN DIE KORINGRAAD TOT MARKKONSENTRASIE SOU LEI. HIERDIE SIENINGS KAN MET TERUGBLIK MOONTLIK ONDERSTEUN WORD DEUR DIE SKULDIGBEVINDING IN 2009 VAN MEULENAARS EN BAKKERS AAN ONMEDEDINGENDE PRAKTYKE IN TERME VAN DIE WET OP MEDEDINGING VAN 1998. IN DIE EEN SAAK IS VIER BAKKERS VAN PRYSVASSTELLING BESKULDIG, TERWYL 17 MEULENAARS IN DIE ANDER SAAK DEUR DIE MEDEDINGINGSTRIBUNAAL AAN PRYSVASSTELLING SKULDIG BEVIND IS.**



samestelling word uitdruklik in die 1996-wet gereël. Dit bestaan uit tien lede wat op aanbeveling van parlementêre portefeuljekomitees deur die Minister van Landbou aangestel word, op so 'n wyse dat dit verteenwoordigend is van 'n breë spektrum van belangegroepe, insluitende verbruikersgroepe en opkomende boere wat voorheen tot 'n groot mate uitgesluit was.

Die lede van die NLBR moet oor praktiese kennis en ondervinding rakende die landboubedryf, produksie van landbouprodukte, plaaslike en internasionale bemarking van landbouprodukte, landbou-ekonomie en/of die produksie en bemarking van landbouprodukte deur klein- en opkomende boere beskik.

Die NLBR het groter magte gekry as sy voorganger wie se hoofdoel was om die Minister van Landbou van advies te bedien, wat hy in elk geval kon ignoreer. Die NLBR beskik oor sy eie personeel (in teenstelling met die vorige bedeling waar die LBR van gesekondeerde personeel gebruik moes maak) en sy begroting word deur die Minister van Landbou goedgekeur, na konsultasie met die Minister van Finansies.

Indien die NLBR aanbevelings rakende statutêre maatreëls maak, hetsy die instelling van nuwe maatreëls of die voortsetting, wysiging of skrapping van bestaande maatreëls, is die Minister verplig om sy redes vir die aanvaarding, verwerping of terugverwysing daarvan in die Staatskoerant te publiseer.

Na implementering van die 1996-wet is statutêre maatreëls ten opsigte van rekordhouding, registrasie en indiening van opgawes in verskeie landboubedrywe, waaronder mielies, koring, oliesade en sorghum, ingestel. Hoewel verskeie bedrywe heeltemal weggedoen het met statutêre maatreëls, is heffings wel na inwerkingtreding van die Wet in 'n aantal bedrywe ingestel, insluitende die koring- en sorghumbedrywe.

Met die onttrekking van die NP aan die Nasionale Eenheidsregering is Minister Van Niekerk, vervang met mnr Derek Hanekom, wat deur die nuwe ANC-regering aangestel is. Die nuwe Minister van Landbou se standpunt was eenvoudig dat die bemarkingskemas afgeskaf en die beheerrade op 1 Mei 1997 ontbind moes word. Hy was nie bereid om te luister na NAMPO se herhaalde versoeke om die proses van oorskakeling na 'n gedereguleerde mark oor tyd in te faseer nie.

Op 28 November 1996 het Minister Hanekom aangekondig dat daar vanaf die aanvang van die volgende seisoen, met ander woorde 1 Mei 1997, geen vloerprys vir mielies sou wees nie en dat 'n vryemarkstelsel sou geld. Hy was nie eers bereid om verteenwoordigers van NAMPO daaroor te woord te staan nie. Dit blyk dat sy besluit moontlik beïnvloed kon wees deur sy ontevredenheid met 'n styging in die binnelandse prys van mielies as gevolg van 'n binnelandse tekort wat na sy mening doelbewus deur uitvoere veroorsaak is. Gevolglik moes groot veranderings in die landboubemarkingsomgewing binne 'n baie kort tyd geïmplementeer word.



**Klankgreep: Die surplusverwyderingskema het vir twee jaar voor die vrye mark ingestel is, 'n vloerprys in die mieliemark geskep – mnr Cerneels Claassen.**



**Klankgreep: Die afskaffing van die Koringraad het gevolg op die uitfasering van die eenkanaalstelsel – mnr Andries Beyers.**

## GEVOLGE VAN DEREGULERING

Deregulering van landboubemarking het nie net die totale graanbemarkingslandskap in Suid-Afrika radikaal verander nie, maar ook op vele aanverwante terreine grootskaalse veranderings teweeggebring, hetsy boerderymetodes, produksie, finansiering, opberging, meganisasie, arbeid of navorsing en ontwikkeling.

Die eerste aanduiding van veranderings in produsente se besluite oor gewasproduksie is in die mieliebedryf waargeneem. Alhoewel die totale area wat onder mielies verbou was, in die eerste jare na deregulering verminder het, was dit hoofsaaklik ten opsigte van geelmielies. Statistiek toon dat sedert deregulering produsente sowel as handelaars se sentiment meer ten gunste van witmielies gedraai het.

Dit sal nie 'n maklike taak wees om die uiteindelike gevolge van deregulering in al sy fasette te probeer bepaal nie en dit val ook nie binne die bestek van hierdie publikasie nie, maar enkele van die onmiddellike gevolge verdien tog aandag.

Die grootste verandering wat die deregulering van landboubemarking tot gevolg gehad het, is dat pryse van landboukommoditeite nie meer gereguleer was nie, maar deur die werking van markkragte in die vryemark bepaal is. Dit het 'n totaal nuwe landboubemarkingsomgewing geskep teenoor die gereguleerde stelsel wat vir etlike dekades gegeld het. Die oorskakeling het in 'n baie kort tyd gebeur, sonder behoorlike infasering en dus sonder behoorlike beplanning.

Met die eensklapse toetrede van nuwe graankopers en -handelaars tot die mark het 'n nuwe risiko ontstaan as gevolg van partye tot transaksies wat nie hulle ooreenkomste nagekom het nie. Dit het daartoe gelei dat standaardkontrakte vir die bemarking van graan ontwikkel is, wat groter sekerheid geskep en tot meer orde in die mark bygedra het.

In Hoofstuk 4 word verwys na inisiatiewe deur NAMPO en later Graan SA om aan produsente opleiding te verskaf oor die werking van die graanmarkte. 'n Makelaarsdiens is ook gestig om deursigtigheid in die mark te bewerkstellig.

Die afskaffing van die beheerrade het ook die einde van 'n era beteken waar produsente met 'n gewaarborgde meerderheidstem in die onderskeie beheerrade bedryfsbesluite kon rig.

### Prysvorming: Graan en Oliesade

Gedurende die gereguleerde tydperk is alle bemarking van graan in Suid-Afrika deur die beheerrade onderneem. Benewens die kollektiewe invloed





**Klankgreep: Omseiling van die mieliebemarkingstelsel wat plaasgevind het, het erge druk geplaas op die eenkanaalbemarkingstelsel – mnr Cerneels Claassen.**




**Vanaf 1 Mei 1995 het mieliebemarking 'n heel nuwe rigting ingeslaan toe finaal van die ou eenkanaalbemarkingstelsel na die nuwe gedereguleerde bemarkingstelsel vir mielies beweeg is.**




**SEDERT DEREGULERING KON BOERE NIE MEER OP STAATSHULP EN VASTE PRYSE STAATMAAK NIE, MET DIE GEVOLG DAT EKONOMIE VAN SKAAL AL MEER BELANGRIK GEWORD HET. IN DIE GEVAL VAN KORINGPRODUKSIE IS 'N AANSIENLIKE VERHOGING IN PRODUKTIWITEIT WAARGENEEM, MAAR TERSELFDERTYD HET DIE AREA WAAROP KORING VERBOU IS, AANSIENLIK AFGENEEM EN DIE HOEVEELHEID KORING INGEVOER VINNIG TOEGENEEM. TEEN 2007 IS SLEGS SOWAT 632 000 HA IN SUID-AFRIKA ONDER KORING VERBOU, TEENOOR SOWAT 1 550 000 HA IN 1991.**

van produsente-organisasies het produsente geen beheer of besluitnemingsverantwoordelikheid ten opsigte van graanpryse gehad nie, terwyl die landboubesighede slegs as agente van die rade opgetree het vir die ontvangs, opberging en verspreiding van die graan, asook betaling van die koopprys van die graan aan produsente.

Met deregulering van graanbemarking in 1997 het die verantwoordelikheid vir bemarking feitlik oornag na die produsente self geskuif, maar aangesien die beheerrade in die gereguleerde mark al die bemarkingsaktiwiteite ten opsigte van graan hanteer het, het die landboubesighede en produsente weinige ondervinding in die bemarking van graan gehad. Produsente het oor die algemeen nie oor die kennis beskik om prysbesluite te neem nie en kon aanvanklik ook nie op die landboubesighede daarvoor steun nie. Gevolglik het aansienlike onsekerheid oor prysbewegings bestaan by diegene wat by die koop en verkoop van graan en oliesade in die nuwe markomgewing betrokke geraak het.

Sedert deregulering word die pryse van graan in Suid-Afrika hoofsaaklik beïnvloed deur faktore soos invoer- en uitvoerpariteit, tariewe, netto binnelandse vraag, aanbod, voorraadvlakke, oesskattings, weersomstandighede en wisselkoerse. Die prysstabiliteit van die gereguleerde mark het plek gemaak vir pryse wat geweldig gefluktueer het en waaroor die produsente geen beheer gehad het nie. Die mark




**Dié kommentaar oor die nuwe bemarkingstelsel het in *Mielies/Maize* van Julie 1995 verskyn.**

het wel vir produsente die geleentheid gebied om hulle finansiële risiko's deur gebruikmaking van markinstrumente te verskans, maar gebrekkige kundigheid op dié terrein het aanvanklik groot uitdagings geskep.

Die gebruik van markinstrumente om risiko's te verskans was nie altyd eenvoudig nie, veral in die koringmark waar markaandeel in 'n relatiewe klein aantal rolspelers gevestig was, met sowat vier organisasies wat die mark feitlik totaal oorheers het.

Dit blyk egter dat produsente oor die algemeen tog redelik gou begin het om die prysingsmeganismes wat Safex (die South African Futures Exchange) gebied het, te benut en gedurende die 1998/1999-seisoen het ongeveer 47,1% van graanprodusente reeds daarvan gebruik gemaak.

## Safex

Gedurende 1994 is begin met die ontwikkeling van 'n termynmark vir beesvleis, in Suid-Afrika met die bedoeling om dit later, wanneer dit suksesvol gefunksioneer het, na graan uit te brei. Aangesien die Mielieraad reeds vanaf die vroeë 1980's die uitvoere van mielies op die Chicago Board of Trade (CBOT) teen ongunstige prysskommelings verskans het en dus kennis van die werking van termynmarkte gehad het, het dit aktief by die ontwikkeling van 'n termynmark vir landboukommoditeite betrokke geraak.

Die belangstelling hierin het in afwagting van die deregulering van die landbousektor sodanig toegeneem dat die Agricultural Markets Division (AMD) in 1995 as 'n onafhanklike afdeling van die Safex gestig is. Safex het reeds vanaf die 1980's in die finansiële markte gefunksioneer en het dus met die stigting van die AMD oor die nodige kennis en administratiewe stelsels beskik, wat dit in staat gestel het om reeds in die eerste kwartaal van 1996 die eerste mieliekontrakte te verhandel.

Op die tydstip wat die Bemarkingswet van 1968 deur die 1996-wet vervang is, was Safex dus reeds gevestig en het sowel wit- en geelmielies as koring daarop verhandel. Later is dit ook na ander produkte, soos graad 2 mielies, sonneblom en sojabone uitgebrei. Aanvanklik is slegs vooruitkontrakte op Safex verhandel, maar met verloop van tyd is die verskeidenheid van beskikbare kontrakte en markinstrumente uitgebrei en het Safex ontwikkel tot volwaardige termynmark. Safex het die platvorm geword waarop die pryse van gelyste landbouprodukte in Suid-Afrika bepaal word en kontrakte daarvoor verhandel, in teenstelling met die vorige bedeling waar die prys deur die enigste koper en verkoper van graan bepaal is.

In 2001 het Safex deel van die Johannesburg Stock Exchange ("JSE") geword en het dit as die Agricultural Products Division (APD) van die JSE bekend gestaan,

**DIE EERSTE MIELIEKONTRAKTE IS GEDURENDE DIE EERSTE KWARTAAL VAN 1996 OP SAFEX VERHANDEL – IN TOTAAL 485 KONTRAKTE, OFTEWEL 48 500 TON. IN JULIE 2015 IS GEMIDDELD 1 080 JULIE 2015-MIELIEKONTRAKTE (1 080 000 TON) EN 3 057 DESEMBER 2015-MIELIEKONTRAKTE (3 057 000 TON) PER DAG VERHANDEL.**




**Een van die eerste advertensies wat verskyn het ter bekendstelling van Safex.**



met die visie om 'n veilige en effektiewe mark vir die verhandeling van afgeleide instrumente in Suid-Afrika te wees.

Soos op 31 Desember 2015 het die volgende kontrakte op Safex verhandel:

| Kontrak | Datum gelys vir verhandeling |
|---|---|
| Witmielies WM1 | Maart 1996 |
| Witmielies WM2 | Julie 2000 |
| Geelmielies YM1 | Maart 1996 |
| Geelmielies YM2 | Julie 2000 |
| Koring | November 1997 |
| Sonneblom | Februarie 1999 |
| Sojabone | April 2002 |

## Vervoerdifferensiaal

Die vervoerdifferensiaal wat met die vestiging van Safex ingestel is, weerspieël die vervoerkostekomponent wat by die prysbepaling in berekening gebring word Dit verteenwoordig die vervoerkoste om graan vanaf verskillende lokaliteite na Randfontein te vervoer.

Safex het Randfontein gebruik as die verwysingspunt vir die bepaling van die vervoerdifferensiaal, as gevolg van die groot volumes graan wat aldaar verwerk is. Die vervoerdifferensiaal vir elke Safex-leweringspunt is dan bereken met die vervoerkomponent as basis en afgetrek van die Safex-prys om 'n basisprys by elke silo te bepaal.

Aanvanklik is die vervoerdifferensiaal hoofsaaklik met verwysing na die koste van spoorvervoer bereken, omdat die meeste graan per spoor vervoer is. Spoorvervoer was goedkoper as padvervoer, met die gevolg dat namate die volumes graan wat per pad vervoer is, toegeneem het, die kostekomponent dienooreenkomstig verhoog is. Eweneens het die styging in die prys van diesel asook hoër instandhoudingskoste aan vragmotors as gevolg van die swak toestand van paaie met verloop van tyd tot 'n groter vervoerdifferensiaal aanleiding gegee.

## Infrastruktuur

Na deregulering van die markte in 1996 en die gepaardgaande veranderings in produksievolumes in sekere afgeleë en marginale gebiede, het verskeie van die silo's en spoorweginfrastruktuur wat in die beheerde tydperk gevestig is, basies in onbruik verval, terwyl 'n groter konsentrasie van opberging in ander gebiede ontstaan het.

Ten tye van deregulering was die opbergingskapasiteit feitlik in geheel onder beheer van die voormalige landboukoöperasies. Bewerings het ontstaan dat van die opbergers hulle dominansie ten opsigte van stoorkapasiteit misbruik het om onmededingende praktyke toe te pas. Een van die grootste opbergers van mielies van die tyd, Senwes, is inderdaad deur die Mededingingskommissie daarvan aangekla dat hulle hul dominante posisie in die voorsiening van opbergingskapasiteit misbruik het. Met die koms van alternatiewe opbergingsfasiliteite na deregulering, byvoorbeeld silosakke en graandamme, het handelaars ander opsies as slegs die beton silo's van die voormalige koöperasies gehad en sou dit in alle waarskynlikheid nie meer vir 'n silo-eienaar maklik wees om die mark vir opberging te domineer nie.

## Landboubesighede

Een van die grootste aanpassings vir produsente kort na deregulering was die verandering in hulle verhouding met landbou-ondernemings. Vanaf die aanvang van beheerde bemarking in Suid-Afrika in die 1930's, het landboukoöperasies 'n baie belangrike rol in die graanbedryf gespeel. Die koöperasies, wat deur produsente besit en beheer is, het as agente van die beheerrade, wat die enigste wettige bemarkers van graan was, gefunksioneer. Graanprodusente het hulle

## LIGGINGSDIFFERENSIAAL 'N WARM BESPREKINGSPUNT

Die Safex liggingsdifferensiaal is 'n veelbesproke onderwerp by graanprodusente aangesien daar verskillende standpunte oor die behoud of uitfasering daarvan bestaan. Dit is dus ook nie verrassend dat dit die agenda gehaal het van meer as een Graan SA-kongres en die onderskeie wegbreeksessies tydens Kongres nie.

Hoewel daar voorheen tydens Kongres besluit is om nie die liggingsdifferensiaal uit te faseer nie, het dit tydens die 2014-kongres duidelik geword dat daar nie konsensus tussen alle graanprodusente bestaan oor die uitfasering van die liggingsdifferensiaal nie. Volgens 'n besluit is opdrag aan die Hoofbestuur gegee om die impak van die liggingsdifferensiaal op die graanbedryf te ondersoek en aanbevelings hieroor aan Kongres 2015 te bied vir oorweging en besluitneming.

Ongeag versoeke van Graan SA het die JSE uiteindelik besluit om nie die stelsel uit te faseer nie aangesien die liggingsdifferensiaal deel uitmaak van Safex se besigheidsmodel. Die 2015-kongres het kennis geneem hiervan en aanbeveel dat kontantmarkte in die onderskeie streke verder ontwikkel en meer deursigtig bestuur word.

Graan SA is ook opdrag gegee om voort te gaan om die billike berekening van die liggingsdifferensiaal deur die JSE te moniteer en, waar nodig, met die JSE vir die herberekening daarvan te skakel. Die organisasie neem aktief deel en lewer insette oor die berekening van die differensiaal vir die nuwe bemarkingseisoen voordat dit deur die JSE afgekondig word.



# Voortsetting van funksies na afsluiting van Mielieraad

*Persverklaring deur die Mielieraad*

Die Mielieraad se Voorsitter, mnr Vic Mouton het in Pretoria gesê dat die Mielieraad op 31 Januarie 1997 'n besigheidsplan aan die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) voorgelê het soos in die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte vereis.

"Die besigheidsplan is deur die Mielieraad en al die direkte belangegroepe vir mielies, soos in die Mielie-advieskomitee verteenwoordig, goedgekeur en as 'n voorlopige besigheidsplan vir die uitfasering van die Mielieraad ter tafel gelê," sê mnr Mouton. "Namate verdere beplanning in die proses van uitfasering gedoen word, sal dit aanvullend tot die voorlopige besigheidsplan aan die NLBR verstrek word," sê hy.

Sekere belangrike funksies vir die bedryf, wat tot dusver deur die Mielieraad verrig was, sal wel in ander strukture gevestig word, sodat die dienste nog vir die bedryf beskikbaar is. Mnr Mouton sê "van hierdie funksies wat as noodsaaklik vir die bedryf geag word, is byvoorbeeld markinligting en laboratoriumdienste. Die nodige beplanning vir die skep van nuwe strukture of die oordrag na bestaande strukture om hierdie funksies te verrig, is tans aan die gang en die Raad sal die funksies verrig tot tyd en wyl die nuwe strukture daartoe in staat is."

Mnr Mouton sê "een van die aspekte wat beslis sal voortgaan, is die afhandeling van regsaksies en die invordering van uitstaande heffings. Hy sê die Raad is nie van voornemens om enige saak, waar die feite hulle daartoe leen of waar daar voldoende bewyse vir die verhaling van verskuldigde heffings bestaan, te laat vaar of terug te trek nie."


"Die Raad is tans besig om 'n aksieplan vir die afhandeling van alle regsaksies te finaliseer," sê mnr Mouton "en die nodige infrastruktuur sal geskep of in stand gehou word om dit moontlik te maak."

**Persverklaring deur die Mielieraad, Maart 1997.**

totale graanbesigheid deur middel van die landboubesighede (koöperasies) gedoen. Die produsente het gevolglik op produksie gefokus terwyl die beheerrade hulle produkte bemark het.

Met die inwerkingtreding van die 1996-wet het die posisie egter lynreg verander en moes produsente self hulle produkte se bemarking bestuur. Die implementering van die 1996-wet en gepaardgaande afskaffing van die bemarkingsrade het ook veroorsaak dat die landboubesighede se rol as agente van die bemarkingsrade verval het. Hulle was gedwing om hulle besigheidsaanslag te verander deur meer bemarkingsgeoriënteerd te word, wat die verhouding tussen die landboukoöperasies en die graanprodusente geweldig geaffekteer het.

Baie van veral die groter koöperasies is in maatskappye omskep waarvan die produsente die aandeelhouers was. Die produsent se posisie het dus verander van 'n koöperasielid na 'n belegger wat terselfdertyd 'n klant was. In 'n omgewing waar die produsente nie meer tot 'n groot mate aan die koöperasies gebonde was vir die grootste deel van hulle besigheid nie, moes die koöperasies ook begin om besluite te neem wat op gesonde besigheidsbeginsels en nie blote lojaliteit gegrond was nie.




**NAMPO het openlik alarm gemaak oor die mieliekopers- en verwerkers, oftewel die "fat cats", wat eensydig bevoordeel is deur die Mielie-advieskomitee se besluit oor die toekoms van mieliebemarking.**



Eweneens het meulenaarsmaatskappye die geleentheid gebruik om hulle posisies te konsolideer en belange uit te brei, aangesien die beperkings wat tydens die bestaan van die beheerrade gegeld het, opgehef is. Die beperkings op en beheer oor registrasie van bakkers in die broodketting is beëindig, met die gevolg dat die meulenaars op groot skaal ook tot die bakbedryf toegetree het.

Hoewel daar vanaf die afskaffing van die beheerrade tot 1999 sowat 99 nuwe meulens opgerig is, het 33 van hulle steeds ongeveer 97% van die land se koringmeel geproduseer. In die bakbedryf het letterlik duisende nuwe bakkerye ontstaan, maar teen 1999 was sowat 80% van die brood in die land deur net ses groepe gebak. In 2000 is 80% van die koringmeel en 65% van die brood in Suid-Afrika deur slegs vier groepe (Pioneer Foods, Tiger Brands, Premier Foods en Foodcorp) geproduseer.

## Uitvoere

In die vorige bedeling het die bemarkingsrade volle beheer oor die uitvoer van landbouprodukte gehad. Sedert die inwerkingtreding van die 1996-wet is daar egter geen uitvoerbeheer nie, behalwe vir kwaliteitsbeheermaatreëls.

## Uitfasering van bemarkingsrade

In terme van die 1996-wet moes al die bemarkingskemas van die 1968-wet teen 5 Januarie 1998 uitgefaseer word. Die beheerrade het egter oor bates en personeel sowel as bedryfsverbintenisse en -verpligtinge beskik, wat uitbestuur moes word.

Die nuwe Wet het vereis dat die bestaande beheerrade binne dertig dae nadat die NLBR vir die eerste keer vergader het, 'n besigheidsplan aan die Minister van Landbou en die NLBR moes voorlê, met aanbevelings oor die wyse waarop die betrokke beheerraad se afsluiting van werksaamhede bestuur sou word.

Versoeke deur die bedryf vir statutêre maatreëls moes ook volledig in die besigheidsplan gemotiveer word. Die kernbeginsel was dat 'n statutêre maatreël en voorstelle vir die herstrukturering van funksies van die beheerrade met konsensus aanbevelings deur die bedryf ondersteun moes word. By gebreke aan 'n konsensus aanbeveling kon die Minister op eie maatreëls vir deregulering besluit.

Verskillende sienings het geheers oor die wyse waarop oor die beheerrade se bates beskik moes word. Kopergroeperings het geargumenteer dat dit die verbruikers toegekom het, omdat dit in die pryse van produkte van hulle verhaal is. Die produsente het gemeen dat dit hulle toegekom het, omdat dit by wyse van heffings van hulle gevorder is, terwyl die Staat se siening was dat dit laasgenoemde toegekom het.

Uiteindelik is ooreengekom om bedryfstrusts vir die verskillende bedrywe te stig, hoofsaaklik met die doel om die bates afkomstig vanaf die verskillende beheerrade te administreer en die fondse daarvan vir die bevordering van die afsonderlike bedrywe aan te wend met die fokus op navorsing en inligtingsbehoeftes.

Die trusts het met verloop van tyd verskeie ontwikkelings en inisiatiewe tot voordeel van die graanbedrywe befonds, waarvan enkeles hieronder aangestip word.

### *Mielietrust*

Die voorlopige besigheidsplan vir die uitfasering van die Mielieraad is op 31 Januarie 1997 aan die NLBR voorgelê nadat dit deur al die direkte belangegroepe, soos in die Mielie-advieskomitee verteenwoordig, goedgekeur is. Dit het ingesluit dat sekere belangrike funksies vir die bedryf wat deur die Mielieraad verrig is, soos markinligting en laboratoriumdienste, in ander strukture gevestig sou word.

Na die inwerkingtreding van die 1996-wet is die Mielieraad verklein tot vyf raadslede en is vyf persone gekontrakteer om die sake van die Raad af te sluit, soos die verkoop en oordra van bates en invordering van uitstaande heffings, wat gepaardgegaan het met hofsake wat eers 'n paar jaar later almal afgehandel is. Uiteindelik is al die Mielieraad se bates, waaronder die Mielieraadgebou in Pretoria, gelikwideer en die fondse aan die Mielietrust oorgedra.

By die ontbinding van die Mielieraad het dit oor reserwes van sowat R240 miljoen beskik. Daarteenoor het die Stabilisasiefonds, waarna in Hoofstuk 1 verwys is, 'n



**Klankgreep: Ná die vorming van die Mielietrust, het die sluiting van die Mielieraad gevolg – mnr Vic Mouton.**



bykans gelyke tekort gehad en aanvanklik wou Minister Hanekom die twee bedrae teen mekaar afspeel op grond van die argument dat dit 'n verpligting van die Nasionale Party-regering was en nie van die nuwe Regering nie. Uiteindelik is ooreengekom dat die mieliebedryf die reserwes kon behou op voorwaarde dat dit aan die Mielietrust oorgedra moes word, waarvan die doelstelling en die trustakte se bepalings by wyse van ooreenkoms bepaal moes word om, onder andere, vir transformasie en ontwikkeling voorsiening te maak.

Die Mielietrust is op 31 Augustus 1998 geregistreer met die doelwit om fondse tot voordeel van die mieliebedryf in Suid-Afrika beskikbaar te stel, in besonder vir die finansiering van:

- Mark- en produksieverwante wetenskaplike en/of tegniese navorsing ten opsigte van mielies;
- die verkryging, verwerking en verspreiding van markinligting ten opsigte van mielies en die mieliebedryf; en
- marktoegang ten opsigte van Suid-Afrikaanse mielies, onder andere, deur die voorsiening van bemarkingsinfrastruktuur, opleiding en ondersteuning in landelike gebiede waar die behoefte bestaan.

Die Mielieraad het vanaf 2000 tot 2010, met sy finale ontbinding, in totaal 'n bedrag van R319 miljoen as skenkings aan die Mielietrust oorbetaal. Aanvanklik het die Mielietrust projekte in belang van die mieliebedryf met tussen R30 miljoen en R40 miljoen/jaar befonds, maar in 2014 het dit tussen R50 miljoen en R60 miljoen beloop.

Die Mielietrust se Raad van Trustees bestaan uit ses trustees wat elkeen vir 'n termyn van twee jaar aangestel word. Drie van die trustees word deur spesifieke sektore in die mieliebedryf aangestel en die ander drie deur die Minister van Landbou.

Die Mielietrust verhuur kantore aan organisasies soos SAGIS en SAGL, wat noodsaaklike ondersteuning aan die graanbedryf bied, in die Graangebou wat die Mielietrust in Pretoria ontwikkel het.


### *Wintergraantrust*

Die Wintergraantrust het tydens die uitfasering van die Koringraad ontstaan uit die wintergraanbedryf se behoefte dat sekere funksies wat deur die Koringraad verrig is, na die ontbinding daarvan voortgesit moet word. Dit het die verskaffing van markinligting, laboratoriumdienste en finansiering vir navorsingsprojekte behels.

Aanvanklik is twee afsonderlike trusts vir die Wintergraanbedryf geskep, naamlik die Wintergraan Algemene Trust en die Wintergraan Navorsingstrust. Dit is egter later in een trust, naamlik die Wintergraantrust, saamgevoeg.

Die Minister van Landbou het op versoek van die Wintergraantrust statutêre heffings ingevolge die Wet op Bemarking van Landbouprodukte van 1996 op koring, gars, hawer en durumkoring ingestel ten einde die Trust se funksies ten opsigte van navorsing en die verkryging en verspreiding van markinligting te finansier.

**Onthou u hoe daar in daardie tye na ongeveer 300 000 ton mielies gesoek is?**






Die toekenning van finansiële ondersteuning vir navorsingsprojekte geskied in oorleg met die Tegniese Komitees ingevolge die bepalings van die Trustakte.

Benewens verteenwoordigers van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, bestaan die Raad van Trustees van die Wintergraantrust uit twaalf trustees wat verteenwoordigend is van wintergraanprodusente, graanopbergers, verbruikers sowel as die bak- en maalbedryf.

### *Olie- en Proteïensade-ontwikkelingstrust*

In die besigheidsplan wat die Oliesaderaad aan die Minister van Landbou voorgelê het, is voorsiening gemaak vir die stigting van Die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT) as een van die strukture wat na die sluiting van die Oliesaderaad na die bedryf se belange sou omsien.

OPOT is op 18 September 1997 geregistreer met die doel om sekere beleggingsbates, in besonder die bates van die vorige Oliesaderaad, te ontvang en tot die voordeel van die begunstigdes van die Trust te administreer. Dit het bestaan uit kapitaal van R58,3 miljoen, die Oliesadegebou en roerende bates, asook alle uitstaande heffingsgeld wat nog ingevorder moes word. Fondse in die Trust en/of statutêre heffings sou in die toekoms slegs aangewend kon word vir aksies wat in belang van die bedryf in geheel sou wees, byvoorbeeld markinligting, ondersteuningsdienste en navorsingsprojekte.

Die hoofdoelstellings van die Trust is die bevordering en ontwikkeling van die oliesadebedryf in Suid-Afrika deur middel van:

- Finansiering van navorsingsprojekte rakende die verbetering, produksie, opberging, verwerking en bemarking van oliesade;
- finansiering vir die voorsiening van inligting en adviesdienste rakende die produksie en bemarkingsomstandighede van oliesade;
- belegging en bewaring van die Trust se bates;
- produktiewe aanwending van die Trust se bates op so 'n wyse dat die reële waarde daarvan bewaar en sover moontlik vergroot word; en
- finansiering van marktoegang of enige ander optrede in belang van die oliesadebedryf, onderhewig aan die doelstellings van die 1996-wet.

Die Raad van Trustees van OPOT bestaan tans volgens die inligting op OPOT se webblad uit sewe trustees, waarvan ses met inagneming van voorstelle of nominasies deur direk geaffekteerde groepe deur die Oliesade-advieskomitee aangestel word. Die ander trustee word deur die Minister van Landbou aangestel.

Die besigheidsplan het ook voorsiening gemaak vir die instelling van die volgende strukture:

### *(a) Oliesade Advieskomitee*

Hierdie komitee het uit tien verteenwoordigers van die bedryf bestaan en moes in terme van die trustakte deur die trustees geraadpleeg word alvorens daar oor enige versoeke vir finansiële ondersteuning deur OPOT besluit is. Die Komitee was ook in terme van die trustakte verantwoordelik vir die aanstelling van trustees op die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (uitgesluit die Ministeriële verteenwoordiger), maar sy primêre funksie was om inligtings- en navorsingsprojekte in belang van die breë oliesadebedryf te evalueer en dit vir befondsing na OPOT te verwys.

### *(b) Navorsingsprioriteitskomitee*

Dit was 'n komitee van die Oliesade Advieskomitee wat getaak was om navorsings- en ander projekte in belang van die bedryf te identifiseer en te evalueer en daarna aanbevelings aan die Oliesade Advieskomitee deur te gee vir besluitneming.

### *(c) Bedryfsforums vir Sonneblom, Sojabone en Grondbone*

Die volgende Bedryfsforums is gestig ten einde die rolspelers in die verskillende sektore in die oliesadebedryf die geleentheid te bied om oor gemeenskaplike bedryfsake met mekaar te skakel:

- Grondboneforum (1996)
- Sonneblom- en Sojaboonforum (1997)

## *Sorghumtrust*

Die Sorghumtrust is gestig na die ontbinding van die Sorghumraad. Al die bates van dié Raad is na die Sorghumtrust oorgedra met die doel dat dit tot die voordeel van die hele sorghumbedryf aangewend sou word. Die Raad van Trustees bestaan uit vyf trustees synde verteenwoordigers van die sorghumhandelaars, verwerkers, opkomende sorghumprodusente, kommersiële sorghumprodusente en die Ministerie van Landbou.

Die Sorghumtrust se hoofdoelwit is om sy inkomste te maksimeer en, tot die voordeel van die Sorghumbedryf, finansiering te voorsien vir:

- Navorsing en ontwikkelingsprojekte van die sorghumbedryf;
- instandhouding en verbetering van kwaliteitstandaarde vir sorghum;
- instandhouding van inligting wat die sorghumbedryf benodig; en
- projekte wat daarop gemik is om die belange van die sorghumbedryf te bevorder.


'n Statutêre heffing is ingevolge die Wet op Bemarking van Landbouprodukte ingestel ten einde navorsing, ontwikkelingsprojekte en inligtingsfunksies van die Sorghumtrust te finansier. Die Trust administreer sedert sy totstandkoming ook dié statutêre heffing wat op die sorghumbedryf van toepassing is.

Op 30 April 1997 is 'n Sorghumforum deur die direk geaffekteerde groepe in die sorghumbedryf gestig om as mondstuk vir die sorghumbedryf in Suid-Afrika te dien en deursigtige besluite oor sake van gemeenskaplike belang in die sorghumbedryf te verseker.

## *SAGIS*

Die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) is na deregulering gebore uit die behoefte van die primêre graanbedrywe, naamlik mielies, wintergraan, sorghum en oliesade, om te verseker dat noodsaaklike, kwaliteitinligting oor die graanbedryf steeds na die afskaffing van die beheerrade tydig beskikbaar sal wees. SAGIS moes die insameling en verspreiding van makro-ekonomiese en bedryfsinligting hanteer, wat insluit inligting ten opsigte van invoere, uitvoere, plaaslike verbruik, voorrade, vervaardigingstatistiek, ensovoorts.

Voorheen het die beheerrade het oor volledige en totale inligting van heel gewasse (graan en oliesade) sowel as graan- en oliesadeprodukte beskik. Hulle was die enigste



**Mnr Nico Hawkins, laaste Bestuurder van die WPO en na eenwording in die graanbedryf 'n senior personeellid van Graan SA, is sedert 2012 die Bestuurder van SAGIS.**



kopers, verkopers, invoerders en uitvoerders van heel gewasse en die inligting daaroor was dus hoofsaaklik in hulle besit. Van daardie inligting is ook slegs een keer per jaar in jaarverslae beskikbaar gestel en was dus nie geredelik beskikbaar nie.

Voorskotpryse is op grond van inligting in besit van die beheerrade aan die begin van die oesseisoen bekendgemaak, gebaseer op die oesskatting en ander faktore wat die prys beïnvloed het.

Gedurende die eerste aantal jare na deregulering was daar tye van groot onsekerheid oor veral die grootte van mielie-oeste en -voorrade. Die markdeelnemers moes skielik self hul prysrisiko's bestuur, maar pryse het 'n onbekende faktor geword, omdat die inligting dikwels verander het en onbetroubaar was. Die beskikbaarheid van betroubare inligting was van kardinale belang.



**Die geakkrediteerde laboratorium van die SAGL.**

Op 11 November 1997 is SAGIS deur die Registrateur van Maatskappye as 'n artikel 21-maatskappy in terme van die destydse Maatskappywet van Suid-Afrika geregistreer en het dit die amptelike verskaffer geword van inligting oor graan- en oliesadegewasse wat in kommersiële strukture gehanteer is.

Die bekendstelling van silosertifikate, die rol van finansieringshuise in die vryemark en die ingebruikneming van silosakke vir die opberging van graan vir kommersiële doeleindes (op plase en ander opbergingspunte), het die inligtingsfunksie wat SAGIS moes vervul, baie problematies gemaak. Verskeie rolspelers het egter effektief met SAGIS saamgewerk om 'n noodsaaklike, geïntegreerde en betroubare inligtingstelsel te ontwikkel.



**Die SAGL was destyds die enigste laboratorium wat oor Bühler-meulens beskik het.**

SAGIS word pro rata deur die Mielietrust, Sorghumtrust, Wintergraantrust en OPOT befonds. Die onderskeie trusts benoem ook die lede van die SAGIS-direksie.

Op 9 April 1998 is statutêre maatreëls geïmplementeer om invoerders, uitvoerders, eindverbruikers, opbergers en verwerkers van graan en oliesade, sowel as produsente wat in enige van daardie hoedanighede optree, te verplig om rekords te hou en opgawes in te dien en te verseker dat tydige, akkurate inligting deurlopend vir alle rolspelers beskikbaar is. Dié inligting is op SAGIS se webwerf beskikbaar en word ook op verskeie ander wyses versprei en beskikbaar gestel, waaronder:

- Maandelikse bulletin.
- Weeklikse bulletin.
- Weeklikse produsentelewerings.
- Weeklikse invoer- en uitvoerinligting.
- Invoertariewe.




**So lyk die SAGL se mieliemeule.**

Inligting word gereeld deur SAGIS se medewerkers verskaf. Alle vrygestelde inligting is op die webwerf *www.sagis.org.za* beskikbaar.

### SAGL

Die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) is 'n sentrale graanlaboratorium wat as 'n assosiasie sonder winsbejag in terme van artikel 21 van die destydse Maatskappywet ingelyf. Dit is gedurende 1997 ná ontbinding van die beheerrade op versoek van die Suid-Afrikaanse graanbedryf gestig en lewer vanaf 1 November 1997 graanontledings- en verwante dienste aan die graanbedryf. Die Koringraad en die Mielieraad se graanlaboratoriumdienste is na die SAGL oorgedra, terwyl die Oliesadebedryf besluit het om van PPECB se dienste gebruik te maak.



**Die baklaboratorium soos hy tans daar uitsien.**

Aanvanklik is gemeen dat die Koringraad se laboratorium deur die SAGL gebruik sou word, maar die Koringraad het die betrokke eiendom verkoop. Dit het beteken dat 'n alternatiewe fasiliteit inderhaas verkry moes word en uiteindelik is die laboratorium in 'n perseel van die WNNR gevestig.

By sy stigting was die SAGL die enige private laboratorium in Suid-Afrika wat oor sy eie Bühler-laboratoriummeulens beskik het. Dié meulens is gebruik om koring te maal met die oog op die toets van deeg- en bakkwaliteit.

Benewens 'n baie wye verskeidenheid toetse wat die SAGL kan doen, insluitende saadtoetse, is dit ook 'n verwysingslaboratorium vir die graanbedryf.

### *Nasionale Oesskattingskomitee (NOK)*

Akkurate oesskattings is uiters belangrik in ’n vryemarkomgewing, aangesien dit inligting voorsien wat noodsaaklik is wanneer belangrike besluite oor bemarking en produksie geneem moet word. Ten einde hierdie behoefte te bevredig is die NOK as deel van die dereguleringsproses gestig.

Oesskattings en vooruitskattings word afgelei van insette van die verskillende lede van die NOK, synde die Nasionale sowel as Provinsiale Departemente van Landbou, die Landbounavorsingsraad en Statistieke Suid-Afrika, wat almal onafhanklik van die handel is.

Die Oesskattingskakelkomitee, ’n amptelike komitee van die NLBR, moniteer die oesskattingsproses van die NOK en is ’n belangrike platform vir die oplossing van geskille en probleme rakende oesskattings. Dit is in Oktober 1998 gestig met die fokus om toe te sien dat ’n onafhanklike en objektiewe NOK gevestig word, wat sy rol in die industrie verstaan en aanvaar, naamlik die samestelling van akkurate, tydige en geloofwaardige oesskattings, sowel as finalisering van die produksiesyfers per gewas aan die einde van elke seisoen en die evaluering van die NOK se prestasie.

## TERUGBLIK

Uiteindelik het die Suid-Afrikaanse landbousektor goed by deregulering aangepas en is die Suid-Afrikaanse produsente besig om te ontwikkel in sterk en internasionaal mededingende produsente, wat ’n goeie basis skep vir waardetoevoeging laer af in die waardeketting, die lok van beleggings, uitvoerfokus en uitbreiding in die oorwegend hoëwaarde produkte.

